


**Week 2:**
**Om weer met God te waag...**

*Met hierdie reeks wil ons jou uitdaag om hard en eerlik sake in jou lewe in die oë te kyk en dapper genoeg te wees om jouself uit te daag om dieper te groei...*

**2 Timoteus 1:7** – *"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."*

**Josua 1:9** – "*Wees sterk, wees vasberade (dapper). Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."*

**Inleiding** (Welcome)
Watter Bybelkarakter dink jy was die dapperste en verduidelik jou keuse?

Kyk na die volgende clip: **http://www.ted.com/talks/chris_burkard_the_joy_of_surfing_in_ice_cold_water**

***Wat is die dapperste daad wat jy al ooit gedoen het?***

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

**Wat sê die Woord:** Lees **Johannes 6:1-21**

1. Wat het **jou getref** met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*
   - Oor die verhaal van die vermeerdering van die brood;

   - En oor die storm op die see?

2. Ons **wil soms opgee op God en ons geloof**. Soms gebeur daar met ons goed wat maak dat ons ons vertroue in God verloor en weet ons nie of ons Hom kan en wil vertrou nie. In hierdie verhaal is mense **honger** (v 5) en **in 'n storm in die nag** (v 17-18). Watter sake veroorsaak dat mense God nie meer wil vertrou nie of wil opgee op hulle geloof?

**3.** Jesus gee vir mense **oorgenoeg kos** – daar bly 12 mandjies oor. Wat gebruik Hy vir hierdie wonderwerk? En wat leer dit vir ons oor wat ons maar vir Jesus mee kan vertrou (hierdie seuntjie het 5 brode en 2 vissies – wat het jy?) om in ons lewens wonderwerke te doen, of om ons honger te stil? (*Die vraag is eintlik of jy dapper genoeg is om die Here hiermee te vertrou??*)

**4.** In Johannes 6:20 sê Jesus vir sy dissipels: ***"Dit is Ek; moenie bang wees nie!"*** Waarom dink jy doen Jesus dit? Dalk is daar sake in jou lewe waarvoor jy bang is of nie kans sien nie. Wat wil Jesus vir jou sê?

**5.** Geloof beteken volgens **Hebreers 11:1** ***"...om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*** Dit is belangrik om te ontdek dat God nog nie klaar is met ons, of gaan wegstap van ons af nie, maak nie saak wat in ons lewens besig is om te gebeur of waarmee ons worstel nie, of hoeveel keer ons al wou opgee nie. Hy sal ons honger stil en ons storms en nag kalmeer, en maak dat ons veilig by ons bestemming aankom (v 21).

Net dalk het ons hier 'n nuwe kans om dapper genoeg te wees en weer met die Here te waag! ***Waarmee wil jy met die Here waag?***

**Aanbidding, toewyding** (Worship)

Om weer God te vertrou moet jy dapper genoeg wees om

(1) vir die Hom te gee wat jy het en Hom daarmee te vertrou,

(2) verwag dat Hy in oorvloed sal sorg en

(3) mag verwag dat Hy in jou nag en storm na jou toe sal kom.

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk. Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?

**Om te gaan doen** (Works)**:**

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband**– en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**: deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 2 van die BRAVE 40 days**

- Besluit hoe julle as **groep** mekaar hierin kan help